**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 5: 1 – 16
Teks: **Mattheus 5: 11 – 14a**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 84:3, 6**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 146:3, 6; Ps. 71:7,9  Ps. 89:6; Ps. 104: 14,20**
**<u>Mattheus 5: 11 – 16</u>**

Mat 5:1  Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom,
Mat 5:2  en Hy het hulle geleer en gesê:
Mat 5:3  "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
Mat 5:4  Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:5  Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.
Mat 5:6  Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.
Mat 5:7  Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
Mat 5:8  Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
Mat 5:9  Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
Mat 5:10  Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
Mat 5:11  Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.
Mat 5:12  Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.
Mat 5:13  Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.
Mat 5:14  Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
Mat 5:15  ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis.
Mat 5:16  Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 5: 1 – 16
Teks: **Mattheus 5: 11 – 14a**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 84:3, 6**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 146:3, 6; Ps. 71:7,9  Ps. 89:6; Ps. 104: 14,20**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag was ons al tien maal geseënd.  Elke saligspreking het begin met die woorde *Salig is jy, gelukkig is jy, of geseënd is jy* – hang af uit watter vertaling ons lees.  Om salig te wees is om waarlik gelukkig te wees, ongeag wat die omstandighede rondom jou is.  Die Griekse woord vir *salig* is die woord *Makarios …* ’n Besondere woord wat in die Nuwe Testament 55 kere gebruik word, in 38 verskillende perikope.  In die oorgrote meerderheid van gevalle is die woord *salig* eintlik ’n profetiese woord, ’n woord van werklike vreugde en blydskap wat oor jou en my uitgespreek mag word. ’n Woord wat wys hoe dit met jou goed kan gaan al voel jy dalk op die oomblik anders. Baie duidelik het die woord dan op ons geloof en verlossing betrekking.  In die meeste van gevalle in God se Woord kan die woord nie van ons geloof losgemaak word nie.   Ook as ons volgende Sondag mag Nagmaal vier, mag ons profeties daarna heenwys dat ek en jy geseënd of dan nou salig Nagmaal mag vier.

***

Ons nader beweeg aan die Here se tafel in ons naderende lentetyd moet ons ook met vreugde kan vul. Dink so vir ’n oomblik aan die dag toe Jesus sy intreepreek met hierdie besondere saligsprekinge begin het. Dit was ook ’n lenteoggend in Galilea en daar was baie mense wat na hom geluister het. Plaaslike mense, mense van die omgewing, maar ook baie wat van afgeleë plekke gekom het. Veral ook van Judea en Jerusalem in die suide terwyl hulle hier in die noorde was. Wie deur Mattheus werk sal raaksien daar was ook diegene van Idumea, ook hulle uit Dekapolis en nog meer noord uit Tirus en Sidon. Die Here praat in sy eerste preek met n werklik baie wye en uiteenlopende gehoor.

***

Almal mense wat gedryf word deur wat amper soos ’n oer-instink in elke mens beskou kan word, die soeke na ’n bietjie geluk. Mense wat sou besef in myself is ek so arm. Geld maak my nie werklik ryk en gelukkig nie, al gee ek dit voor. Mense wat treur, wat deur andere al so hard behandel was, mense wat al so in die lewe verontreg was, mense met vuil harte en gedagtes, mense wat in onvrede lewe, mense wat vervolg word, wat baie ly net omdat hulle opstaan in lyn met die Ou-Testamentiese profete vir wat reg is. Ons besef die saligsprekinge spreek in geheel tot al die mense, ja al kan ons sewe of agt of nege, of dalk selfs tien saligsprekinge onderskei, teologies word baie geredeneer hoeveel saligsprekinge dit nou eintlik is.

***

Ons sluit vanoggend aan by die gedagte dat die eerste sewe saligsprekinge is darem baie duidelik in een groep bymekaar. Die agtste saligspreking kom weer met die koninkryks-dimensie en het ook die besondere belofte van die koninkryk soos wat met die eerste saligspreking dit ook die belofte was. *Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.* Die ouer vertaling stel dit meer direk – dalk moeiliker- *Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.* Die heel eerste saligspreking wat kon wys op *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.* In ons naderende Nagmaal en ons benadering tot hierdie eerste preek van Jesus moet daar in alle opsigte na die koninkryk van God gekyk en verlang word.

Om as begenadigde kind van God in hierdie koninkryk van God te mag lewe, moet in alle opsigte ook ons kerklike lewe beheers. As jou en my persoonlike lewe ook nie hierdeur beheers word nie, is daar ’n groot saak wat ek en jy vir onsself in ons voorbereiding vir die

Nagmaal vir onsself moet uitmaak. Die vraag wat sal bly weerklink- word my lewe werklik deur die koninkryk van God beheers?!

Die beheersende vraag sal ons nooit in ons lewe van kan wegkom nie. Elk saligspreking is ’n karaktereienskap van ’n burger van die koninkryk van God. Ons kan dit selfs noem dat as ek hierdie karaktereienskappe dra is dit soos geboortemerke van jou en my wedergeboorte. Dit is nie opsionele ekstras nie. Dis wesenskenmerke! Nee die ware koninkryksburger word deur hierdie geboortemerke, deur hierdie karaktereienskappe geken.

***

Wie deur hierdie kenmerke gedra word besef elke dag meer en meer dat die wêreldse kultuur is nie my kultuur nie. Jy loop jou met hierdie kenmerke as’t ware keer op keer teen die wêreldse kultuur vas. Die agtste en negende saligspreking gee vir ons ’n baie eerlike kyk op hoe sal jou lewe wees as die ander kenmerke ook jou deel is. Die wêreld sal jou en my vervolg en allerhande slegte goed oor ons sê ... Tog sê Jesus ... *Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.* Dan voeg Jesus in dieselfde asem by, al word dit deur sommige as nog weer ’n aparte saligspreking beskou - *Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.* Wie van ons het nie al deurgeloop onder die wêreld en ander mense se antagonisme, beledigings, sarkasme en selfs onreg nie. Wanneer dit oor ons kom is dit asof ons werklik op die duiwel se eie grondgebied leer ken.

Dit maak ons baie kwesbaar. Dikwels is dit ook die mak honde wat die seerste kan byt. Jy kry klappe wat jy mag voel jou nie toekom nie. Klappe wat ons goed moet onderskei. Want onthou dikwels is dit ook my eie hardkoppigheid en eiewilligheid, my eie maniertjies wat ook klappe na my laat kom. Klappe wat ek verdien! Tog praat Jesus van sy kinders wat soos Dawid in die mense die naaste aan hom so kon seerkry. Dink aan wat Dawid se vriend Agitofel oor hom laat kom het. Sy vertroueling het hom op die einde baie seergemaak - Ps. 55: 13-15 beskryf hy dit- *As dit nog my vyand was wat my smaad aangedoen het, sou ek dit kon verdra; as dit 'n teëstander was wat my wou verneder, sou ek hom kon probeer vermy. (55:14)Maar nou is dit jy, 'n man soos ek, my maat en my goeie vriend. 14 (55:15)Ons was so nou aan mekaar verbonde; opgewonde het ons saam na die huis van God toe gegaan.* Hoe seer het Agitofel Dawid nie gemaak nie. Getroos sou Dawid ook vanoggend ons Here se Woord kon aanhoor - *11 “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. 12 Wees bly en*

*verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."*

In baie opsigte was Dawid so 'n vervolgde profeet ... hoeveel andere, Jeremia wat in 'n modder put gegooi was, Esegiël in kettings, Daniel in die leeukuil, daar is die een na die ander profete wat vervolg was. Wie is ons om buite daardie ry te staan. Mense wat gedoen het wat reg is en daarom word hulle vervolg. Tog vergeet die wonderbare beloftes nie – *aan hulle behoort die koninkryk van die hemel ...* of sê Jesus by die laaste saligspreking - *julle loon is groot in die hemel.*

Om dit dan sag te stel die lewe in Christus bring groot ongemak en bring groot verandering ook om te aanvaar wat andere van jou dink is nie noodwendig wat God van jou dink nie. Paulus stel dit in 1 Tim 4:7 dit verg baie oefening in die godsaligheid dat dit later nie meer vir jou saak maak wat andere van jou dink nie, trouens dit is nie eers belangrik wat jy van jouself sê of dink nie, maar wat regtig saak maak is wat God van jou dink. Jou rol en jou optrede as gelowige kind van God is iets wat ons met hierdie voorbereiding vandag ook weer deeglik moet deurdink. Tegelyk verval ons nie in selfbejammering nie, maar wat die Here op die berg ons duidelik laat hoor ..*verbly en verheug julle,* die tye wanneer julle beskinder word, wanneer mense julle beledig en vervolg en baie valse dinge oor ons sê. Ons het 'n koninkryk wat groter is as die aardse ryke, ons loon is groter as wat enige geld werd kan wees.

***

Trouens in al hierdie omstandighede begin eintlik eers ons eintlike werk. Om net meer te wees wat God ons reeds in hierdie wêreld gemaak het. Sout en lig. Baie dae mag jy dalk voel, ook met hierdie naderende Nagmaal is dit vrae wat dikwels in jou en my ontstaan. Wat is nou eintlik die doel van alles?! Hoekom voel dit of ek nêrens in my lewe kom nie? Meer as die helfte van my lewe is al verby en wat het ek nou eintlik bereik? Niks maak my meer opgewonde nie! Ons dink dalk dikwels oor die dieper doel van die lewe maar dit voel vir ons so onbereikbaar vêr! Dit is elke dag maar opstaan, werk, klomp dinge is 'n groot gesukkel en dan maar weer gaan slaap.

Tot ons die Here werklik dieper met jou hoor praat. Deur sy Woord en deur sy Heilige Gees. Jy dink nie net gereeld aan Christus nie, jou gedagtes raak sy Woord nie net liggies aan en dan gaan ek maar weer oploop met my eie gevoelens nie. Nee jy begin werklik sy Woord soos voedsel in te neem. Dit word jou lewe. Jy in Hom en Hy in jou. Die hele inkorporatiewe beginsel wat Paulus in so baie opsigte by uitgekom het, word ook jou beginsel, jou lewenswyse, jou standpunte oor die geloof, oor

die kerk, oor die huisgesin, oor die skool, oor die staat, ja dit wat jou brood en botter is, van jy in Christus en Christus in jou.

Dan wil jy ’n sout vir hierdie aarde wees. As ons mooi nadink in wat Jesus van jou en my verwag dan beteken aarde hier twéé dinge. Dit gaan oor die fisiese aardbol, een van baie planete, die grond waarop jy loop, waarop ons werk, waarop ons boer. Wonderlik vir eeue en eeue gee die grond al ons skape en beeste gras. Om so heeltyd grasse en plante uit die grond te laat groei het die grond nie net reën nodig nie, maar ook soute en minerale. Jy moet soos die grond wees, sout kan gee waaruit ander mense kan groei. In die opsig moet ons sout van die aarde wees.

Tog om sout van die aarde te wees kan ook wys op die mense wat op die aarde bly. Jesus gee ’n besondere tipering van wat is hierdie aarde waarop ons bly. Die aarde is in die proses van verrotting. Soos wat die tyd voller word so sal hierdie wêreld toenemend al meer bedorwe raak om dan ook uiteindelik tot niet te gaan.

As Jesus sy kinders die sout van die aarde noem dan besef ons die rol wat sout in daardie tyd gespeel het, was in alle opsigte om bederf te keer. Hulle het nie vrieskaste, yskaste of allerhande preserveermiddele geken wat ons vandag het nie. Sout was maar amper die enigste onontbeerlike middel wat daar was om verrotting en bederf te keer. So duidelik sien Jesus hierdie aarde waarop ons vandag nog is, dis soos ’n vrot stuk vleis wat op die einde in sy verganklikheid en broosheid vrotter en vrotter gaan word. God se kinders moet die sout wees wat kwaad moet kan help keer wat daar te keer is, al is die proses van ’n aarde wat gaan vergaan alreeds aan die gang.

Dadelik besef ons hoe belangrik, hoe onontbeerlik jou en my plek op hierdie aarde is as jy dan sout vir hierdie aarde moet wees. Die oorgrote meerderheid van mense met hulle tegnologie en wetenskap en die vermoëns wat ons het om selfs in die verre ruimtes in te beweeg, is van harte oortuig die mens het in so baie opsigte al van die wêreld ’n beter plek kon maak. Hoe wonderlik het die mediese wetenskap nie geraak nie. In sekondes kan ons met die wydste wydtes van die wêreldse bestaan kommunikeer, dit is alles so wonderlik, ’n WhatsApp oproep het nie grense nie, so lank daar net seine en internet is. Hierdie erediens het ook nie grense nie, so lank daarop ingeskakel word, waar ook al in die wêreld, maar ons vra tog weer die vraag.

As ons al meer hoor van aardverwarming, van lande in die wêreld met die warmste van somers in menseheugenis in die Noordelike Halfrond die drie laaste maande. Ons kyk na die mens op die straat, op die markpleine van die lewe, in die uithangplekke op hierdie hangende aardbol. Vra jouself die vraag is hierdie aarde werklik besig om al beter te word, of word dit eintlik al vrotter en vrotter. Dadelik is jou en my vraag is ek vir hierdie aarde wat Jesus sê ek moet wees, sout vir die aarde... Ons

kan nie die wêreld oorrompel en dink as kerk gaan ons die wêreld ’n beter plek maak nie. Die ware Kerk sal dit ook nooit regkry nie. Die verrotting wat daar nog altyd was, wat steeds is en wat ons nie gaan stuit nie, is in alle opsigte reeds aan die verganklikheid onderworpe. Gaan lees maar weer Romeine 8 hier rondom vv. 20-21 ... Ek lees die 2020 Vert. *20 (20-21) Want die skepping is onderwerp aan 'n sinlose bestaan, nie uit eie keuse nie, maar deur Hom wat dit daaraan onderwerp het.30 Die skepping hoop om self vrygemaak te word van verslawing aan die verganklikheid,31 met die oog op die heerlike vryheid van die kinders.*

Wanneer ons as gelowiges vandag al hierdie dinge hoor moet ons alles behalwe in sak en as gaan sit nie. Ons besef opnuut hoe in voeling is die Here met die realiteite van die lewe. Soveel dinge wat die wêreld nie ’n aangename plek maak nie, wat ons besef al meer hoe arm ek geestelik is, hoe baie trane daar vloei, hoe hard mense nie geword het nie, die onreg wat daar is, ja op al die dinge waarop die saligsprekinge ingaan. Te midde van dit alles gee Jesus ’n opdrag wat dit nie is asof ons ’n keuse het nie. Jesus sê nie jy moet nog sout en lig vir hierdie wêreld word nie, nee ons moet dit goed raaksien, jy is dit alreeds. *Julle is die sout van die aarde ... Julle is die lig vir die wêreld.*

Hiermee saam hoor ons lig vir ’n wêreld wat alreeds baie donker is. Dan praat ons nie net van die donkertes wat daar baie keer reeds in ons gemoedere is nie. Wanneer mense God as hulle Skepper begin ontken, of ons dink ons hier wees op hierdie aarde is eintlik maar die gevolg van ’n lang evolusionistiese proses, dan maak sulke mense die donkerte in hulself net nog donkerder. Die evolusionistiese verstaan van lewe is eintlik mos gebaseer op die basis-idee dat alles gaan net om oorlewing. By elke saak van die lewe is die evolusionis se diepste vraag – wat is daar vir my daarin?! Hulle is ook net bereid om met ander saam te werk ter wille van hulle eie voordeel. So kan hulle ander mense aanmekaar gebruik, ja eintlik misbruik hulle ander mense en kan selfs andere se lewe verwoes net ter wille van hulle eie lewens.

In die deel van die bergpreek besef ons Jesus ontbloot hierdie tipe mense tot op die been. As jy die mens ontbloot word jy inderdaad die lig in hierdie wêreld. Jy gee lig in ’n wêreld van baie selfsug. Om lig in die wêreld te wees bring in jou na vore die werklik omgee vir ander mense. Die grootste omgee, die grootste Lig wat daar in die wêreld kon wees is in alles Hy wat ons Here Jesus Christus is. In die offer wat Hy gegee het en wat ons by hierdie Nagmaal weer gaan herdenk kan daar geen groter omgee, geen groter lig wees as Jesus Self nie.

Jesus maak ons dit wat ons reeds is. Sout en lig. Ons is reeds die lig wat moet skyn. Ons leef reeds as gelowiges in hierdie wêreld. Dit wat Jesus se opdrag is, is *HOE* ons moet skyn, *HOE* ons as sout moet werk. Dit is waarop ons moet fokus. Wees sout in hierdie wêreld wat alreeds aan soveel bederf oorgegee is, wees lig in die wêreld wat alreeds so donker is. As ons dan nou vêrder in die bergpreek

mag ingaan, wat ons soos die tyd mag kom wil doen, dan is ons tot aan die einde van hfst. 7 besig om sout en lig te wees. Die manier waarop ons lewe, hoe ons dinge sien, hoe ons sekere dinge gaan hanteer. Jesus is met dit alles besig. Daar kom lente binne jou al lyk die buitekant nog na 'n pot vol winter. Om volgeling van Christus te wees is om Hom na te volg en het ons die heerlike taak om die werklike bedoeling van God in die wêreld te belig en te beliggaam.

Ook met ons voorbereiding moet ons onsself toets in watter opsig is ek werklik nog sout en lig in hierdie wêreld. Ons leef tussen so baie mense wat sê dat hulle glo maar die krag van geloof is daar nie. Paulus praat van mense wat nog 'n gedaante van die godsaligheid het maar die krag daarvan verloën het (2 Tim 3:5). Die 2020 Vertaling noem dit - *mense wat wel 'n skyn van godvresendheid voorhou,3 maar wat die krag van godvresendheid misken. Bly weg van sulke mense.* Ons het verlede Sondag al by die eerste preek van Jesus uit die bergrede daarop gewys God verwag van ons 'n andersheid wat in die lewe van nou net al duideliker en duideliker na vore moet kom in vergelyking met die res van die wêreld. Mense wat nie moet wees soos sout wat laf geword het nie. As ons op die regte manier sout en lig ook vir andere kan wees word ons vir andere ook weer 'n inspirasie om nuut die lewe aan te pak. So word hulle ook weer sout en lig vir andere.

In ons voorbereiding vir Nagmaal mag die Heilige Gees ons daarin lei om weer goed na te dink wat doen ek met wat God my reeds gemaak het. Hy het ons reed sout en lig gemaak, maar wat doen ek daaromtrent. Hoe kan ek dit in die lewe van andere oordra, dit wat God my reeds gemaak het. Mag dit werklik wees die woorde in vers 16 *16 Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."*

AMEN